

11 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Deuteronomium 8:1-14
Fokusgedeelte: Deuteronomium 8:10

Vorm jou mond rondom woorde van danksegging!

Die omkeerstrategie van die kerke gaan tot 'n groot mate oor eenvoudige bekering. Dus: terugkeer na waar ek hoort in 'n posisie van ootmoed by die voete van die Here. Daar is 'n mens weer geposisioneer om die seën van die Here te ontvang en die mens te wees wat Hy jou bedoel het om te wees.

Een van die gevare waarteen altyd gewaak moet word, is materialisme en (daarmee saam) die sondes van hoogmoed en vergeet. Dit is dikwels die gevolg as mense in tye van voorspoed vergeet dat alle goeie gawes van die Here af kom. Israel het eintlik 'n dubbele toetsperiode ondergaan: tydens die woestynreis is hulle gehoorsaamheid in 'n ongemaklike omgewing met beperkte middele getoets, en in Kanaän het die Here getoets of hulle ook in materiële oorfloed sy geboorte kan onderhou.

Op die drumpel van die volk se intog in die land van melk en heuning waarsku Moses dringend teen die dodelike kombinasie van sondige vergeetagtigheid en materialisme. Daarom roep hy die volk op om altyd in nederigheid en dankbaarheid terug te dink aan die verlossing uit Egipte en die wonderlike manier waarop die Here hulle vir 40 jaar lank in 'n barre woestyn onderhou het. Hulle moes onthou dat 'n mens nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom (vs 3b). Daarby moes hulle ook, elke keer as hulle genoeg geëet het, die Here dank vir die goeie land wat Hy aan hulle gegee het. Hulle monde moes gevorm word rondom woorde van lofprysing en danksegging, want 'n mond wat die Here se lof besing, kan nie die selfvernietigende taal van materialisme en hoogmoed aanleer nie. Wie die Here ootmoedig as Gewer van elke goeie gawe bely, kan nie 'n prooi word van die leuen dat 'n mens self vir sy bultende beursie en vol bord kos verantwoordelik is nie!

Vul jou hart met dankbaarheid en jou lippe met lofprysing. So bly jy die geseënde mens wat die Here jou bedoel het om te wees!

Sing: Psalm 146:1, 4, 5 (2001)

Ds JJ (Koos) Cloete (Hermanus)